## SUIDKERK BID SAAM:

***Februarie se tema:*** *SA—MEDIES EN ONDERWYS*

## ONS Sê—DANKIE, HERE:

- Vir die opvolgreën wat ons gehad het en hoe lowergroen ons omgewing is.
- Kinders en onderwysers se positiewe uitleef van hulle geloof in die skool-opset.
- Elke lidmaat wat reeds 'n ekstra offer bring tov hul dankoffer en/of ere-diens-kollekte.
- Geopende Deure en Sending sonder Grense wat Bybels in geslote lande neem.

## ONS VRA—ASSEBLIEF, HERE:

- Deuroffers: Herberg Kinderhuis. BADISA bedryf 6 kinderhuise en bied residensiële versorging van kinders buite die gesinsomgewing. Die kinders is fisies en/of emosioneël mishandel en die pad na herstel is moeilik en langsaam.
- Die afskop van Helplift op 5 April.
- Gebeure in en rondom die parlementsopening.
- Privaathospitale en -klinieke, provinsiale hospitale en primêre gesond-heid, mobiele klinieke.
- Onrus op kampusse (naskoolse instellings).
- Wêreldgebeure (corona-virus, ekonomie, natuurrampe).
- Goeie reën vir areas waar damme nog leeg is.
- Eenheid, versoening en samewerking in Mosselbaai.

## ONS BID VIR MEKAAR:

Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus en Fynbos se siekeboeg. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisis-se:

Hennie van Rensburg De Bosse, Bertus Louw Santos Haven, Nick Heyneke Heidepark, Lisa van Zyl Santos Haven, Pieter Strauss Kerkstr, Pieter van der Spuy Protea Aftreeoord, Bettie Cowley Protea aftreeoord, Sophie Joubert Be-nevolent Park , Frederik Wentzel McKinnerystr, Hes Jacobs Boggomsbaai, Denise Laufs Nettie Thatcherstr, Corrie vd Merwe Vleesbaai.

**STERFTES:** Bart Muller se broer.



# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 23 FEBRUARIE 2020**

*"Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is"* *(Jeremia 17:7)*

## PROGRAM VIR VANDAG:

**1de Lydensweek**

09:00 - EREDIENSTE

Kerk (ds Robert)
Vleesbaai (ds André)

Spesiale Offer Herberg Kinderhuis

**KATEGESE/KINDERKERK:**

Gr R-7 Kinderkerk in die saal
Gr 8-9 Om 09:00 in die "gat"
Gr 10-11 Soos ds Robert reël

## VOLGENDE SONDAG:

**2de Lydensweek**

09:00 - EREDIENSTE

Kerk (ds Danie)
Vleesbaai (ds Robert)

Spesiale Offer Bybelgenootskap

**KATEGESE/KINDERKERK:**

Gr R-7 Kinderkerk in die saal
Gr 8-9 Om 09:00 in die "gat"
Gr 10-11 Soos ds Robert reël

## AKTIWITEITE VIR DIE WEEK:

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerk-kantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

**MAANDAG:** 15:00 Bybelstudie Santos 2 (ds Danie)

**DINSDAG:**
09:00 Bybelstudie (ds Robert)
09:30 Bybelstudie konsistorie (ds Danie)
09:30 Bybelstudie saal (ds André)
19:00 Bybelstudie Tienie Bothastr (ds Robert)

**WOENSDAG:**
15:30 Biduur Santos 1—alle lidmate welkom! (ds André)
18:30 Selgroep Boekenhoutstr (ds André)

**DONDERDAG:**
06:00 Manne saambid in saal om 06:00
09:00 Bybelstudie Vleesbaai/Rietvlei (ds Robert)
18:00 Kerkraadsvergadering in die saal

### NUWE MENSE

**Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!**
Ontmoet die dominee na die diens voor by die preekstoel.
Kom geniet 'n koppie tee/koffie na afloop van die erediens.

## IN FOKUS:

**TE KOOP:** Rosyne R50p/kg by die kerkkantoor.

**KOSKAS:** FEBRUARIE is Streek B se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word.

**DEUROFFERS:** Sinodale offer Badisa was R3112-50.

**WIT OLIFANTE:** Ons voorraad is redelik uitgedun. Ons soek enige 2de handse artikels vir ons basaartafel. Gee asb af by die kerkkantoor of bel Dries Wheeler 076 935 2228.

**KLEINKOEKIES:** Ons soek nog mense wat kan help koekies bak vir die basaar. Koeksisters is ook welkom.

**VLEISTAFEL:** Ons benodig kontantdonasies vir die aankoop van beeste, vark, volstruis, speserye. Die beeste word DV op 27 Februarie 2020 geslag en 2 - 3 Maart verwerk.

**WêRELDBIDDAG VIR VROUE:** vanjaar 90 jaar oud. Die program is deur die komitee van Zimbabwe opgestel. Ons werk die afgelope paar jaar saam met Moedergemeente. Vanjaar is dit by Moedergemeente op 6 Maart 2020 om 07:30.

**SELGROEP:** Indien u wil inskakel by ds André se Woensdag selgroep om 18:30, kontak hom gerus.

**HELPLIFT:** Ds Peter het verlede jaar vir ons kom vertel hoe Helplift werk. Dit is 'n geleentheid vir alle gelowiges om van hul tyd, kennis en vaardighede, goedere, dienste tot diens van God beskikbaar te stel. Die Ring van Mosselbaai se NG Gemeentes is saam daarby betrokke. Ons gaan op die 1ste April Helplift in ons gemeente loods. Ons sal nog meer inligting daaroor gee in die volgende weke. Helplift het tans die volgende nodig om ons te help vestig: Iemand wat kan help met finansies en boekhouding, iemand wat ons databasis kan saamstel van gewers en ontvangers en dit op datum te hou, en iemand wat ons kan help met sosiale media, bv Twitter, Instagram en Facebook. As jy kan help, skakel vir Ds Robert by 044-6912244.









**FINANSIËLE BYDRAES:**
**Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai-Suid
ABSA tjek—207 058 0031
(indien jy vir 'n spesiale projek bydra, gee jou naam en projek by die verwysing)
**Vir Geloofsgelofte-bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai (GBO)
ABSA tjek—207 016 7886

## PERSONEEL INFO:

**KERKKANTOOR:**
Telefoon: 044-690 3552
ngkerkmsb-suid@absamail.co.za
Kantoorure:
Maandag 10:00—12:30
Dinsdag—Vrydag 07:30—12:30

**KASSIER, SAALBESPREKINGS, ONTVANGS, LIDMAATREGISTER:**
Maretha Fourie 044-690 3552

**SKRIBA, FINANSIES, ADMIN– EN KOMMUNIKASIEBEAMPTE:**
Lezelda Faul 044-690 3552

**KOSTER:**
Terés Pretorius 082 352 8680

**ORRELIS:**
Cobus du Toit 072 645 3194

**PREDIKANTE:**
Ds Danie: 044-691 1450
084 701 4386
dsdansmit@gmail.com
Ds André: 044-693 2462
084 613 2462
andrekritzinger01@gmail.com
Ds Robert: 044-691 2244
084 684 1304
robmar@cybersmart.co.za



# LENTEDANKFEES 2020

Ons Herfsdankfees is DV op 6 Maart vanaf 17:30 in die kerksaal. Ons wil u almal nooi om lekker te kom saamwerk en saamkuier. Dit is hier waar ons mekaar beter leer ken en lekker bande smee. Ons gee vir u al die konvenors se telefoonnommers en vra vriendelik dat u sal skakel om u hulp aan te bied—ons het elkeen se hulp nodig! Vul ook die briefie onderaan in en plaas in die kollektesakkie of gee by kantoor af, asseblief! Ons het almal se deelname nodig, want ons inkomste uit feeste is 'n belangrike deel van ons begroting.

- ♦ **KLEINKOEKIES & LEKKERS:** Ons benodig mense om kleinkoekies te bak. U hoef nie 'n baasbakster te wees nie—bak sommer die koekies wat jy vir jou kinders of kleinkinders bak. Ons verkoop ook tuisgemaakte lekkers. As jy by die tafel kan help, kontak asb vir Angelina Strydom by 0735212692.
- ♦ **BESKUIT en BROOD:** Ons benodig mense wat allerhande soorte beskuit, klein broodjies (bv. Piesangbrood en potbrode) kan bak. As jy kan help, kontak asb vir Lizzie Heunis by 0727530782.
- ♦ **KOMBUIS:** Ons het mense nodig wat kan help groente skil, rys kook, skep, verkoop, en lekker gesels. As jy kan help, kontak vir Cecile le Roux 0846200499.
- ♦ **HAP EN KUIER:** Ons het braaiers, skeppers, verkopers, en smeerders nodig. As jy wil help, kontak vir Aletta Hanekom 0828246548 of 6932710.
- ♦ **POEDING:** Ons het baie poedings nodig, maar ook skeppers en verkopers. Ons het ook 2L roomysbakke nodig. As jy kans sien om te help, kontak Annie van Zyl 6930440 of 0723309709.
- ♦ **KINDERTAFEL:** Hierdie vrolike span verwelkom graag nuwe helpers met lekker idees. Ons het ook goeie tweedehandse speelgoed nodig. As jy wil help, kontak Jeanne Smit by 6911450 of 0659403454.
- ♦ **GROOT KOEKE/TERTE:** Ons verkoop koeke en terte van alle kleure, vorms en groottes. As jy wil help bak, verkoop of gesels, kontak Elise Claassen 6912813.
- ♦ **TEETUIN:** Ons maak lekker koffie en tee met soet en sout eetgoedjies. Kom help, jy gaan dit beslis geniet en nuwe vriende maak! Kontak vir Marie Lofty-Eaton 0721422313 of 6904215.
- ♦ **WIT OLIFANTE:** Ons is 'n lekker span manne wat 'n oog het vir 'n winskopie. Ons het sterk arms en goeie geselskap nodig. Kontak vir Dries Wheeler 6934504 of 0827143322.
- ♦ **VLEIS:** Ons verkoop vleis en wors. Ons het baie hande nodig om beeste te verwerk en pakkies te help maak—hou afkondiginge dop vir dag en tyd. Ons benodig ook kontant en vleis skenkings. Om beeste aan te koop, vra baie kontant. As jy wil help op een of ander wyse, kontak asb vir ds André Kritzinger 6932462 of 0846132462.




- ♦ **PANNEKOEK:** Ons het bakkers en rollers nodig. Kom help asb — bel vir Driekie Muller by 6904372 of 0762377928.
- ♦ **PASTEIE:** Ons bak en verkoop hoender, wild en ander interessante pasteie van verskillende groottes. Ons gaan bak die pasteie by 'n supermark indiens nodig. Ons benodig ook baie rolle skilferkorsdeeg. As jy wil help vleis afkook, bak, verkoop, ofs kenk, kontak asb vir Joey de Jager by 0732988142.

**<u>Die volgende word veral benodig</u>:**

* Hoender en wildsvleis vir die pasteie
* Skaap, bees, en varkvleis vir die vleistafel
* Polistreenbakkies en foelieborde
* 2L Roomysbakke en poedings
* Margarien (nie lae vet), kookolie, eiers, koekmeel, langlewe melk, suiker
* Wit olifante en speelgoed
* Ons het regtig mense nodig om by die tafels te help!
* Bestanddele (jellie, kitspoedings) en vla vir poedings
* Potplanthouers (enige grootte)

**VUL ASSEBLIEF DIE AFSKEURSTROKIE IN en bring terug!!!**




## MY BETROKKENHEID BY DANKFEESBASAAR

Ek skenk graag: ........................................

Ek help graag by of met: ........................................

........................................

Naam en van: ........................................

Kontaknommer: ........................................